Lêer verw/
File ref: 15/3/4-3/Erf_478

Navrae/Enquiries:
Mnr AJ Burger

8 September 2015

CK Rumboll & Vennote
Posbus 211
MALMESBURY
7299

**Per Geregistreerde Pos**

Meneer/ Dame

**VOORGESTELDE AANSOEK VIR 'N AFWYKING OP ERF 478, DARLING**

U aansoek gedateer 18 Augustus 2015 met verwysing DAR/9292/JL, rakende die onderwerp het betrekking.

Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 7.25 gedateer 13 Mei 2015 aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 69(1) van Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PG 7425 van 10 Julie 2015) word die aansoek vir 'n afwyking op erf 478, geleë te Tulbaghstraat, Darling ingevolge Artikel 60 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PG 7425 van 10 Julie 2015), goedgekeur onderhewig aan die volgende voorwaardes:

**1. Stadsbeplanning en Boubeheer**

a) dat die tydelike gebruik van die perseel tot die van kantore, vergaderlokaal, toilette, 'n stoor en 'n laboratorium beperk word;
b) dat die plasing van die strukture voldoen aan die volgende boulyne, naamlik: 4m straat, 1,5m sye en 2m agter, soos voorgehou in hierdie aansoek;
c) dat die perseel vir slegs administratiewe handelinge van die konstruksiegroep aangewend word;
d) dat geen gedeelte van die strukture op die perseel vir bewoningsdoeleindes gebruik mag word nie;
e) dat slegs motors en bakkies op die perseel parkeer mag word;
f) dat die perseel nie as 'n versamelpunt van werkers om na en vanaf die konstruksie perseel vervoer te word aangewend mag word nie;
g) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
h) dat hierdie goedkeuring vir 'n tydperk van 3 jaar tot en met 8 September 2018 beperk word;

**2. Water**

a) dat die erf van ‘n wateraansluiting voorsien word en dat ‘n maandelikse heffing vir die waterverbruik gemaak word;

**3. Riool**

a) dat die erf van ‘n rioolaansluiting voorsien word en dat die normale maandelikse verbruiktarief vir riool gehef word;

**4. Strate en Stormwater**

a) dat die plasing van die motoringang na die perseel in oorleg met die Parke Afdeling gedoen word sodat bestaande bome op die sypaadjie nie onnodig verwyder word nie.

**5. Vullisverwydering**

a) dat die basiese vullisverwyderingstarief gehef word, wat aangepas sal word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word;

**Die redes vir die besluit is as volg:**

1. Omliggende/affekteerde eienaars het hul toestemming tot die afwyking verleen.
2. Erf 478 is geleë binne die sakekern van Darling soos identifiseer volgens die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk van Swartland Munisipaliteit.

Die uwe

**MUNISIPALE BESTUURDER**
per Departement Ontwikkelingsdienste

*AJB/ds*

Afskrifte: Boubeheerbeampte

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste

Direkteur: Finansiële Dienste

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste

JF & KJ Kirsten Trust, Posbus 99, Darling, 7345